

Donderdag 5 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:7-12 (1933/53-vertaling); 1 Tessalonisense

:7b-12 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:4

Ons leefstyl as babas, moeders en vaders op weg na die Koninkryk van God!

Die gedeelte wat ons vandag gelees het, wys vir ons hoe ons die reddende evangelie van Jesus Christus moet bedien. In sommige vertalings lees vers 7/7b as volg: "Maar ons was soos kinders (babas) in julle midde; soos wanneer 'n ma haar eie kinders koester."

Paulus gee vir ons drie positiewe eienskappe van hoe die evangelie wel verkondig moet word:

- Ons optrede moet soos dié van 'n babatjie wees – opreg en sonder pretensie. Sonder om mense met allerhande foefies en snaaksighede te probeer beïndruk, opreg en met liefde die evangelie van Christus Jesus aan alle mense te bedien.
- Ons evangeliebediening moet soos die liefde van 'n moeder teenoor haar kinders wees. Soos 'n moeder alles vir haar kinders sal gee en sy haar eie lewe sal opoffer, moet ons ook bereid wees om ons alles te gee wanneer ons die evangelie aan ander mense bring.
- Ons moet soos 'n pa wees. Reguit en op die man af, wat met individuele mense kan praat, sonder om vleitaal te gebruik of heuning te smeer, en met die Woord van God te tugtig en te vermaan wanneer dit ook al nodig mag wees.

Hoe lyk jou en my leefstyl as uitverkiesdes wat die evangelie van Christus het, die evangelie van lewe wat aan ons toevertrou is? Is ons leefstyl geloofwaardig? Is ek en jy lief vir mense, en gee ons genoeg vir hulle om? Genoeg om hierdie lewendmakende evangelie aan hulle soos 'n babatjie, soos 'n ma en soos 'n pa te bedien?

Kom ons leef hierdie genadige roeping uit! Dan sal ek en jy die Koninkryk binnegaan en deel hê aan Christus se heerlijkheid.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)